

**Saterdag 7 Oktober**

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 7:8-13 (1983-vertaling)**

**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 7:9, 10**

**Nagmaal vereis eerlike selfondersoek**

“Om tot ons troos die nagmaal van die Here te kan hou, is dit ten eerste nodig dat ons ons vooraf reg sal ondersoek” – so stel die Nagmaalsformulier dit. Die *ware selfondersoek* vereis eerstens dat elkeen moet *nadink oor sy sonde* ... sodat hy homself met diepe berou hieroor *voor God kan verootmoedig*. Alhoewel die apostel in sy vorige brief die Korintiërs streng vermaan het oor onsedelikheid, hofsake tussen gelowiges, geestelike hoogmoed en onderlinge liefdeloosheid, het die Korintiërs ’n goeie gesindheid teenoor die apostel behou. Dit is wonderlik om te verneem.

Nou verneem Paulus deur Titus dat sy prediking en vermaning inderdaad geestelike droefheid, hartseer in die gemeente meegebring het. Hy sê egter: “Al het ek julle deur my brief hartseer gemaak, is ek nou nie daarvoor jammer nie ... Nou is ek egter bly, nie omdat ek julle hartseer gemaak het nie, maar omdat ek julle so hartseer gemaak het *dat julle tot inkeer gekom het*” (vs 8, 9).

Dit is die heilsame effek wat eerlike Woordverkondiging inhou wat na eerlike selfondersoek lei. Dit bring inderdaad hartseer, droefheid in die harte van opregte gelowiges. Dit is ’n droefheid, ’n hartseer oor sondes wat in jou eie lewe na vore kom en waarvan jy jou moet bekeer. Dit is ’n droefheid volgens (in ooreenstemming met) die wil van God wat ’n onberoulike beke-ring tot redding in ’n mens se lewe meebring. Hierdie droefheid, hierdie hart-seer werk die Heilige Gees in ons hart en bring ’n *metanoia*, ’n bekering teweeg. Die woord *metanoia* beteken ’n verandering van denke en daarom ’n verandering, ’n omkering in jou leefwyse. Dit vind plaas wanneer iemand tot die insig kom dat sy denke, sy insig, sy houding en gesindheid verkeerd is, en hy daarom bereid is om hom op die regte koers te laat stel. Vir hierdie geestelike selfondersoek moet ons elke dag bid om die leiding van die Heilige Gees. 2 Korintiërs 13:5 sê immers: “Ondersoek julleself of julle in die geloof is; stel julleself op die proef.” Ons moet bid en na ware, opregte selfondersoek streef. Dan kan ons geseënde Nagmaal vier.

*Sing: Psalm 130:2 (1936)*

*Ds. NJ (Nic) van der Walt (Brits)*